

Saterdag 1 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14; NGB Art 16; HK Sondag 21

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:1, 4

Gelowiges is gekies, hulle is die eiendom van God

In die Heidelbergse Kategismus bely ons wat die kerk is: “Die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom ’n gemeente tot die ewige lewe uitverkies het, tot ’n eenheid in ware geloof.”

Die kerk is mense wat die genade van God gesmaak het en aan Hom behoort. Wanneer Paulus die brief aan die Efesiërs skryf, begin hy ook by hierdie punt. Hy besing die lof van God en dank Hom vir sy genade in hierdie wonderlike loflied wat ons saamgelees het.

Die apostel aanbid God en dank Hom vir sy genade. In ’n stortvloed van danksegging maak hy aan ons die grootheid van God se verlossing bekend. Die apostel bid dat die Vader ons oë sal verlig, sodat ons in staat sal wees om te begryp hoe wyd en lank en diep en hoog die genade is wat die Vader ons in Christus skenk, en dat ons sal groei in die kennis daarvan.

Kortliks sê die apostel dat die Vader uit loutere genade besluit het om Homself en al sy rykdom aan ons te skenk in en deur Christus, en dat ons die Vader daarvoor moet dank. Ons ontvang al die seëninge wat daar in die hemele is, omdat die Vader besluit het om ons as sy kinders aan te neem.

Uitverkiesing is ’n troos vir die gelowige dat God jou vashou, ook al voel dit of jou hand gly. Uitverkiesing is ’n troos vir die gelowiges dat God jou gevat het. Uitverkiesing gee aan die gelowige die troos dat as jy struikel en val wanneer jy moedeloos is, wanneer jy perspektief verloor, dan kan jy vashou aan die wete: God het my gekies en Hy hou my vas.

Daarom hoef ek nie aan die genade van God te twyfel of in die sonde bly lê nie. Die uitverkiesing troos die gelowige met die feit dat ons Goddelike kindskap nie in die eerste plek van ons, as nietige mense afhang nie, maar van God.

Sing: Skrifberyming 11-2:1, 4

Ds. FG Lee (Hardus) (Derdepoort)